## IN MEMORIAM

### Christiaan Frederik Heyns (23 Januarie 1949 - 2 Augustus 2014, Matriek 1966)*

Die Internasionale, Afrika- en Suid-Afrikaanse Urologie-gemeenskap het ’n groot leier en mentor verloor toe prof. Chris Heyns onverwags op Saterdag 2 Augustus 2014 oorlede is, net ’n paar uur nadat hy as president van die Suid-Afrikaanse Urologiese Vereniging as voorsitter opgetree het by ’n vergadering in Gauteng en net vier maande voor sy beplande aftrede. Paul Roosers wat hom geken het, ervaar sedertdien ‘n ontsaglike verlies.

Chris is in 1949 in Kimberley gebore. Die gesin verhuis in 1953 na Stellenbosch, waar sy pa ‘n pos as hoof van die Tegniese Kollege in Dorpstraat aanvaar het en hy word groot in die woonbuurt Krigeville.

Hy voltooi sy skoolloopbaan in 1966. Nie net staan hy eerste in sy standerd nie, maar neem hy ook die derde posisie in op die merietelys in Kaapland. (Terloops, saam met hom in die 10A2-klas was prof. Niel Krige en dr. Johann Rabie, wat onderskeidelik die 7de en 9de plek op die merietelys in Kaapland ingeneem het.).

Chris het ‘n voorliefde vir en diepgaande kennis van Engelse literatuur, Latyn en die digkuns van veral NP Van Wyk Louw, Breyten Breytenbach en DJ Opperman gehad. Sy algemene kennis was verstommend en op skool het hy gereeld tot groot pret en verbasing van die klas ‘n argument met die Latynse onderwyser, mnr. Whitford, gewen oor die korrekte ontleding of vertaling van ’n Latynse strofe.

Hy was baie lief vir die musiek van Bob Dylan, profeet vir die wêreldjeug van die stormagtige sestiger- en sewentigerjare. ‘n PRG-klasmaat merk tydens Chris se herinneringsdiens te Durbanville op 14 Augustus 2014 die volgende op : *“Ek het gereeld by hom aan huis gaan kuier, daar in Kochstraat reg oorkant Bloemhof se koshuis. Chris, immer op die voorpunt van denke en kennis ver verby ons eie horisonne, het my bekend gestel aan die musiek van Bob Dylan, toe niemand in Paul Roos nog van hom gehoor het nie. Ons het Dylan se tydsveranderende musiek oor en oor op hul radiogram gespeel teen behoorlike volume (tot verstaanbare irritasie van sy moeder. Chris se skerp insig in die ontleding van Dylan se lirieke het in geen geringe mate vormend op ‘n mens ingewerk. Later jare toe ons paaie weer gekruis het, was die mens-kwaliteit wat ek by hom ervaar het steeds dieselfde rustige beredeneerdheid en selfvertroue sonder ‘n sweem van hubris wat hy destyds as skoolseun onder ons uitgeleef het. Hy had, reeds op skool, ‘n “gravitas” bokant sy jare, ‘n ruimheid van gees, en saam met al hierdie kwaliteite ‘n respek vir ander en ‘n tegemoetkomende ingesteldheid teenoor enigiemand wat sy aandag opgesoek het, met ‘n bereidwilligheid om te help waar nodig, en meer as die spreekwoordelike ekstra myl. Geen wonder dat hy seker een van die gewildste seuns in Paul Roos was nie.”*

Ná sy dienspligjaar in die Vloot studeer Chris medies aan die Universiteit van Stellenbosch. Sy besondere skrywerstalent, soos reeds geopenbaar in sy skool-opstelle en in sy

redakteurskap van die skoolkoerant *Semper Splendidior*, het hy aangewend om sy sakgeld as mediese student aan te vul deur ‘n reeks kortverhale vir Suid Afrikaanse tydskrifte te skryf. Hy skryf ook onder skuilname drie romans, waarvan een, *Liefste Veertjie,* later verwerk is as ‘n draaiboek vir ‘n film met dieselfde titel.

Hy het trou in 1975 met sy mede- mediese student dr. Isabel Loubser, enkele jare jonger as hy, en vergesel haar gedurende 1976 en 1977 na die destydse SWA (Namibië) vir haar internskap by die Windhoek- en Oshakati-hospitale tydens die nadraai van die “grensoorlog”. Ná ‘n kort termyn in ‘n privaatpraktyk in Alberton skuif die gesin (drie kinders: Marianka, Christiaan en Larissa en daar is tans ook drie kleinkinders) in 1982 terug Kaap toe waar Chris hom by die Tygerberg- Hospitaal aansluit in die afdeling Urologie. Hy verwerf in 1990 ‘n Ph.D.-graad en beklee daarna ’n senior lektorspos aand die Universiteit van Edinburgh en is terselfdertyd konsultant-uroloog by die *Western General Hospital* in dié stad. Hy word in 1992 aan die Universiteit van Stellenbosch aangestel en word in 1995 hoof van die department Urologie, waar hy tot sy dood werksaam was en internasionaal naam gemaak het.

Chris was deurentyd trots op sy moedertaal, Afrikaans, wat hy altyd suiwer gepraat het en hy was baie gesteld op die gebruik en bevordering van Afrikaans as vaktaal, veral in urologie. Sy en dr. Dick Barnes se boek *Inleiding tot Urologie/Introduction to Urology* is ‘n unieke publikasie, aangesien dit as een publikasie in Afrikaans en Engels uitgegee is met foto’s en illustrasies in die middel van die boek. Sy uitstekende taalvermoë was ‘n kenmerk van sy professionele lewe. Sy wetenskaplike publikasies getuig van eenvoudige en pragtige akademiese skryfwerk wat maklik is om te lees en te verstaan. Hy was ‘n selferkende “haarklower”, maar die positiewe resultate van sy aandag vir die fynste detail sal onthou word deur almal wat saam met hom gewerk het, hetsy kollegas of studente.

Chris se uitmuntende natuurlike leierskap en die internasionale aansien wat hy in sy vakgebied verwerf het, word deur die volgende posisies onderstreep:

- primarius van sy universiteitskoshuis Huis Francie van Zyl
- president van die Kollege van Uroloë van Suid-Afrika
- president van die Suid-Afrikaanse Urologiese Vereniging
- president van die Pan-African Urological Surgeons Association
- In 2012 word hy verkies tot resident van die Société Internationale d’Urologie, die invloedrykste erkenning wat enige uroloog kan hoop om te kry.

Prof. Chris Heyns was ‘n sterk en natuurlike akademikus met ‘n wye belangstelling binne sy spesialiteitsveld en hy laat ‘n uiters indrukwekkende oeuvre na van navorsingsuitsette (sowel in Suid-Afrika as in die buiteland), boeke, hoofstukke in boeke, asook briewe, artikels en redaksionele artikels in die internasionale vakliteratuur, wat deur sy kollegas beskou word as van hoogstaande gehalte. Sy curriculum vitae en die lys van sy talle eerbewyse in ‘n leeftyd van diens sou te lank wees vir hierdie kort eerbetoon.

Sy oud-kollegas sal hom onthou as iemand wat altyd alles gedoen het na die beste van sy vermoë en vir sy hulpvaardigheid, sy integriteit en sy geloofwaardigheid. Sy studente sal hom onthou as 'n meesterlike dosent en 'n ware mentor. Die wêreld van urologie het nie net 'n uitmuntende akademikus en skrywer verloor nie, maar ook 'n regtig goeie mens. Vir sy matriekmaats in die 1966-eeufeesklas, asook vir die vriende wat later oor sy pad gekom het, was hy die beste moontlike vriend,'n onderhoudende en uiters humoristiese gespreksgenoot en altd iemand wat die beste "*mental gymnastics*" uit 'n mens ontlok het in enige tipe gesprekvoering, hetsy filosoferend oor dieper sake, hetsy oor ligter onderwerpe en banaliteite. Maar as dit oor nonsens gegaan het, was dit spitsvondige nonsens! Hy was 'n bron van wysheid vir almal met sy verstommende belesenheid en sy skynbaar onbeperkte algemene kennis. Vir Isabel was hy 'n getroue lewensmaat en geesgenoot, haar eie beste vriend, en vir sy familie 'n geliefde en gerespekteerde vader, oupa, oom en broer.

Ons, sy eeufeesklasmaats, wat hier in die 150-feesjaar vir die eerste keer die pragtig bewoorde (en, vir ons, nuwe) Paul Roos-credo van "PRG-HEIR" leer ken het tydens ons eie 50ste reünie, en dit inderdaad ook nou ons eie gemaak het, te wete: "Pride·Respect·Gentlemanship·Humility·Excellence·Integrity·Responsibility", kan aan niemand dink wat dié credo beter uitgeleef het nie.

*Vale, amice; requiesce in pace.*

*Vaarwel vriend, rus in vrede*

- *Artikel saamgestel uit bydraes deur Chris Heyns se 1966-klasmaats en sy broer Piet Heyns (1965) asook uit* "In Memoriam: Remembering Professor Chris F. Heyns" *deur* prof. *A.R. van der Merwe, Departement Urologie, Fakulteit Mediese- en Gesondheidswetenskappe, Universiteit van Stellenbosch.*